# Die Byekorf



31/18


2017/09/20 Standerton Akademie

Geagte Ouers,

## Skaak:

Die volgende leerders het aan die SA Skaak toernooi deelgeneem te Kleinfontein in Pretoria op 15 September 2017.





Uitslae:

O/7
Johanco Griesel : 1ste
Inge van der Linde : 3de

O/9
Martiens de Jager : 2de
Daniël Roberts : 7de

O/11
Elré Labuschagne : 1ste en ook spanwenners 0/11
Marla de Jager : 7de en ook spanwenners 0/11

**PRAGTIG JULLE!!!**

## Landloop

Baie geluk aan die volgende atlete vir hulle uitmuntende prestasie !!

Johanco Griesel : 1 ste

Daniël Roberts : 6 de

Melinda Roberts het ook deelgeneem.





## Karate



Jean-Roux Flack het deelgeneem in Rustenburg aan die kampioenskappe.
Hy het 'n uitmuntende prestasie behaal!



Albei Katas : Silwer
Baklei Kumite : Goud
Leerder ontvang ook Nasionale klere.

## Uitteken en afhaal van Leerlinge

Ouers, u moet asseblief u samewerking in hierdie verband gee. Geen ouers mag 'n kind by 'n klas kom afhaal indien die kind nie uitgeteken is of toestemming by die hoof verkry is nie. Geen ouer kry die kind by die klas. Daar word gewerk deur die kantoor wat die kind sal roep. Ouers wat hulle kinders by die klasse gaan afhaal in skoolure ontwrig regtig die klasse. Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

## Uitstappie

Sterkte aan al ons Gr 4 – 7 leerlinge wat môre op 'n uitstappie na Pretoria vertrek. Julle moet die besoek by die Voortrekkermonument asook die ysskaatsbaan geniet! Geniet ook die burger by McDonalds. Die bus vertrek stiptelik om 06:00 en sal ongeveer 18:00 weer terugwees. Leerlinge trek gewone kleredrag aan. Geen selfone word toegelaat nie.

*U is welkom om 'n ekstra geldjie in te sit vir 'n aandenking by die Voortrekkermonument.*
*Kinders moet ook 'n kospakkie saamvat.*

## Graad 1 – 3 uitstappie

A.g.v. die hoeveelheid kinders wat ons op die bus kan laai, word die Gr 1 – 3 uitstappie eers in die 4 de kwartaal gehou. Ouers sal eersdaags inligting ontvang.



**Diskonto Boeke**

Ons het 'n uittalling van Diskonto boeke by die skool.
Datum : 23 & 24 Oktober 2017.
Ouers kom ondersteun asseblief!

## Redenaars : Tema's 2018


1. Offer/Offers
2. Bome
3. Eerlikheid
4. Ink

## Beeldende Kuns: Tema's 2018

1. 2009 Seelewe
2. Besoek aan die Dieretuin
3. Blou
4. Die tien plae
5. Fantasie
6. Hartseer
7. Watervalle



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Entrepreneursdag** | **:** | **20 Oktober 2017** | |
| **Prysuitdeling** | **:** | **2 November 2017** | |
| **Vakansiedag** | **:** | **25 September 2017** | |
| **Dankseggingsdiens** | **:** | **23 November 2017** | |



**Musiek Pret: Noot vir noot aand : 21 Oktober 2017 om 18:00**




Kaartjies is nou beskikbaar teen R200 per persoon in die kantoor of by die onderskeie gasvrouens. Ouers ondersteun asseblief hierdie projek aangesien dit beloof om 'n aand van groot pret en ontspanning te wees.

## DANS

**18 NOVEMBER 2017**

Ons bevestig dat die dans vir ons ouers sal plaasvind op bogenoemde datum. Die dans vind plaas by die sportsaal van Hoërskool Vaalrivier en is in die vorm van 'n bring en braai.



Toegang vir al ons ouers is gratis maar die tema van die aand is :
Bring 'n vriend/vriendin saam. Kostes beloop R100 per paar vir nie ouers.

Meer inligting sal u eersdaags bereik.

## Verjaarsdae

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 20 September tot 26 September verjaar.
Baie geluk! Mag u ryklik geseën word.


| Kinders |
|---|
| 23/9 : Liné Pretorius<br>25/9 : Zené Griesel |




*NB!!!!*

*Let asseblief dat die skoolhek so kode verander het na : #6465*

# Gedagte vir die week.....








**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE

*S. Swanepoel*

## Skoolgereedheidstoetse

Baie dankie aan Juffrou Gerda-Marie wat hierdie week die skoolgereedheidstoetse gedoen het. Alle ouers is reeds gekontak vir onderhoude waarna die uitslae bekend gemaak sal word.



Nee wat! Hiedie is maklik (La dee dee la dee da)



*Waar is Google as jy hom nodig het!!!?????*



Nee wat! Hulle kan my nou maar matriek toe



**Ai Toggie……..**








**Tjips Tjips!!**

**Juffrou kom!!**



**Standerton Akademie word 'n babatjie ryker!!**

**Baie geluk aan die Podges gesin met die geboorte van klein Drian !!**







Hierdie dames en manne versier Juffrou Ina se klasdeur vir lente !

*Die Hoofleiers geniet 'n koppie tee op uitnodiging van die hoof !*

